



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NATIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 10**

**LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE**

**MODELVRAESTEL**

**PUNTE: 200**

**TYD: 2 uur**

**134 0 A**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## **INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
3. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word, beantwoord word.  
  
AFDELING B is VERPLIGTEND.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A****VRAAG 1**

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1 - 1.5) in die antwoordeboek neer.

- 1.1 Die naam van die gewas wat as stapelvoedsel in Suid-Afrika dien, is ...
- A rys.
  - B mielies.
  - C koring.
  - D sorghum.
- 1.2 'n Bestuursbeginsel wat 'n boer kan toepas om sy werkers se prestasie te verbeter:
- A Motivering
  - B Salarisverhoging
  - C Promosie
  - D Leierskap
- 1.3 Om armoede in huishoudings op die platteland te verlig, kan 'n hoofman die volgende boerderystelsel gebruik:
- A Kommersiële boerdery
  - B Bestaansboerdery
  - C Ekstensiewe boerdery
  - D Intensiewe boerdery
- 1.4 Die volgende sal 'n rol in die waardetoevoeging van vrugte vir die boer speel:
- A Droog van vrugte deur die boer
  - B Verkope
  - C Droog van vrugte deur 'n tweede party
  - D Korrekte verbouingspraktyke
- 1.5 Watter EEN van die volgende streke is welbekend vir wynboerdery?
- A KwaZulu-Natal
  - B Oos-Kaap
  - C Gauteng
  - D Wes-Kaap
- (5 x 2) [10]**

**VRAAG 2**

Lees die volgende stellings versigtig deur en dui aan of dit WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'W' of 'O' langs die vraagnommer in die antwoordeboek neer.

- 2.1 Landbougrond bestaan uit 80% sandfraksie.
- 2.2 Die ideale optimum temperatuur vir die meeste gewasse is tussen 20° C – 30 °C.
- 2.3 Ryp kan skade aan gewasproduksie berokken.
- 2.4 Die verlies van water deur die blare van plante, staan as evaporasie bekend.
- 2.5 Grondstruktuur verwys na die grootte van gronddeeltjies.
- 2.6 Een van die grootste probleme met grondbewaring in Suid-Afrika, is wind-erosie in die hoëreëvalareas.
- 2.7 Die tipiese implement om te gebruik as 'n ploeglaag voorkom, is 'n rotiveerder (kapploeg).
- 2.8 Die effektiëste manier om besproeiingswater te benut, is deur mikro-besproeiing.
- 2.9 Afvalwater vanaf 'n melkery is 'n voorbeeld van anorganiese kunsmis.
- 2.10 Een van die algemeenste probleme met 'n natuurlike hulpbron soos water, is besoedeling.

**[10]****VRAAG 3**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A - G) langs die vraagnommer (3.1 - 3.5) neer, byvoorbeeld 3.6 H.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Onkruidodders	A.	verhoog grondvrugbaarheid
3.2	Siektes	B.	meganiese onkruidbeheer
3.3	Wisselbou	C.	skoonbewerking
3.4	Plantbeskerming	D.	intergewasverbouing
3.5	Tandimplement	E.	bakteriese
		F.	selektiewe
		G.	staat


**(5 x 2)****[10]**

**VRAAG 4**


Beantwoord die volgende vrae:

4.1 Watter EEN van die volgende suiwelrasse is bekend vir 'n hoë produksie, maar met 'n laer bottervet?


A




B



C



D



(1)

4.2 Watter produk word van die Damaraskaap verkry?


(1)



4.3 Wanneer koeie geneig is om op mekaar te spring, is dit 'n teken van ... .

(1)

4.4 Watter EEN van die volgende eksterne parasiete kom baie algemeen op plaasdiere voor en rig ekonomiese skade aan deur die vel van diere te beskadig?



(1)


4.5 As mielies in 'n rantsoen ingesluit word, staan dit as 'n ...-ryke konsentraat bekend.

(1)

4.6 Noem 'n proteienryke konsentraat van marine-oorsprong wat in plaasdiere se rantsoene gebruik word.

(1)

4.7 Bestudeer die volgende illustrasies en noem waarvoor dit gebruik word.



(3)

4.8 Watter bestuursbeginsel word toegepas as 'n boer duidelike instruksies aan sy plaaswerkers gee?

(1)  
**[10]**



**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B****VRAAG 5: DIEREBESTUURSASPEKTE**

5.1 Bestudeer die volgende apparaat en beantwoord die daaropvolgende vrae.



- 5.1.1 Noem die bostaande apparaat. (2)
- 5.1.2 Verduidelik die gebruik van hierdie apparaat op 'n jong bulkalf. (7)
- 5.1.3 Op watter ouderdom, in maande, word die gebruik van die apparaat vir 'n jong bulkalf aanbeveel? (2)
- 5.2 Noem enige VYF fisiese rekords wat 'n boer moet byhou. (5)
- 5.3 Teken die ore van 'n vark en dui op die oor aan hoe die dier gemerk sal word met die nommer 287 deur van oorkepe gebruik te maak. (5)
- 5.4 Bestudeer die parasiete (A - D) hieronder en beantwoord die volgende vrae:



- 5.4.1 Identifiseer die parasiete getoon. (4)
- 5.4.2 Noem VIER maniere om die parasiet A te beheer. (4)

- 5.5 Noem enige DRIE praktyke wat 'n boer kan volg om waarde toe te voeg tot 'n produk soos melk. (3)
- 5.6 Differensieer tussen *konsentrate* en *ruvoer* in dierevoeding. (4)
- 5.7 Noem VIER algemene oorsake van siektes by plaasdiere. (4)
- [40]**

**VRAAG 6: GEWASBESTUURSASPEKTE**

- 6.1 Noem VIER fisiese eienskappe van grond wat deur bewerking beïnvloed word. (4)
- 6.2 'n Boer pas wisselbou toe en ploeg die oesoorblyfsel van die vorige oes in die grond in alvorens hy die volgende oes plant.
- Beantwoord die volgende vrae gebaseer op die bogenoemde stelling:
- 6.2.1 Definieer *wisselbou*. (2)
- 6.2.2 Noem VYF voordele van wisselbou. (5)
- 6.2.3 Noem VIER voordele verbonde aan die inploeg van oesoorblyfsels. (4)




- 6.3 Bestudeer die prent van 'n kunsmisak hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae:



- 6.3.1 Verduidelik kortliks die betekenis van die verhouding 3:2:1 op die sakkie. (3)
- 6.3.2 Wat beteken die 24 tussen hakies? (1)
- 6.3.3 Bereken die koste per ton as die sakkie in die prentjie R11,40 kos. (3)
- 6.4 Beantwoord die volgende vrae oor onkruid.
- 6.4.1 Definieer 'n *onkruid*. (3)
- 6.4.2 Noem VIER metodes wat 'n boer kan toepas om onkruide te beheer. (4)
- 6.4.3 Wat word met die term *residuele periode* bedoel? (2)
- 6.5 Noem VIER kulturele praktyke wat 'n boer kan toepas om van plantpeste ontslae te raak. (4)

6.6 Watter veiligheidsmaatreëls by gifstowwe word deur die volgende prente (6.6.1 - 6.6.5) voorgestel?


6.6.1



6.6.2




6.6.3



6.6.4



6.6.5



(5)  
[40]


**VRAAG 7: BESTUUR VAN GROND EN WATER IN PLANT- EN DIEREPRODUKSIE**

7.1 Bestudeer die volgende prente en beantwoord die daaropvolgende vrae.

A



B



C



D



- 7.1.1 Watter implement sal gebruik word vir:
- (a) Breek van ploeglaag
  - (b) Skoon bewerking
  - (c) Losmaak van grond tussen rye graan
  - (d) Insny van plantoorblyfsels in die grond
  - (e) Omkeer van grond tot 'n diepte van 300 mm
- (5)

7.1.2 Noem die voordele en nadele van die gereedskap gemerk B. (6)


7.2 Verduidelik kortliks die invloed van die volgende klimaatvereistes op plantproduksie:

7.2.1 Temperatuur (4)

7.2.2 Reënval (4)

7.3 Identifiseer die volgende besproeiingstelsels (A - C) en beantwoord die daaropvolgende vrae:

A



B



C




- 7.3.1 Watter EEN van die stelsels is die oudste metode van besproeiing? (1)
- 7.3.2 Watter stelsel word NIE vir gebruik op 'n sandgrond aanbeveel nie? (1)
- 7.3.3 Watter stelsel sal op groot areas gebruik word? (1)
- 7.3.4 Watter stelsel sal vir 'n boord aanbeveel word as water baie skaars is? (1)
- 7.3.5 Noem VYF nadele van stelsel C. (5)
- 7.4 As dieremis gebruik word as bemesting, is daar sekere maatreëls rakende voedselveiligheid wat betrokke is. Dit is belangrik dat alle boere wat mis gebruik goeie landboukundige praktike sal toepas om enige mikrobiiese risiko te voorkom. Noem enige SES van hierdie praktike. (6)
- 7.5 Noem SES praktike wat 'n boer kan toepas om erosie te beheer. (6)

**[40]**

**VRAAG 8: INLEIDING TOT GEWAS- DIERE- EN BESTUURSPRAKTYKE**

- 8.1 Gesondheidsaspekte is baie belangrik in die landbou-industrie. Verduidelik kortliks die impak van MIV/Vigs op die landbou-industrie in die algemeen. (4)
- 8.2 Tendense in Suid-Afrikaanse landbou word grootliks deur globale aspekte bepaal. Wat verstaan jy onder die volgende terme:
- 8.2.1 Organiese boerdery (2)
- 8.2.2 Anorganiese boerdery (2)
- 8.3 Definieer die volgende bestuursbeginsels.
- 8.3.1 Motivering (3)
- 8.3.2 Kontrole (3)
- 8.3.3 Organisering (3)
- 8.4 Noem die VIER produksiefaktore in landbou. (4)
- 8.5 Noem die klassifikasie van skape volgens hul produksie. (4)
- 8.6 Bestudeer die onderstaande kaart en beantwoord die daaropvolgende vrae.



- 8.6.1 Noem EEN semi-droë area met ekstensiewe skaapboerdery. (2)
- 8.6.2 Noem TWEE provinsies wat baie bekend vir sitrusboerdery is. (4)
- 8.6.3 Noem die provinsie wat hoofsaaklik uit grasveld bestaan. (2)
- 8.6.4 Noem 'n winterreënvalarea wat vir koringboerdery bekend is. (2)

8.7 Noem die verskillende veldtipes wat in Suid-Afrika voorkom. (3)

8.8 Noem enige TWEE beplanningsterme in landbou. (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**

**GRAND TOTAAL: 200**